

# **DIE GEBEURE BY CASSINGA, 4 MEI 1978 — 'N GEVALLESTUDIE VAN DIE PROBLEME VAN 'N MILITÈRE HISTORIKUS**

**Leo Barnard**

*Departement Geskiedenis*

*UOVS*

*Posbus 339*

*9300 Bloemfontein*

**The events at Cassinga, 4 May 1978 — a case study of the problems of  
a military historian**

Eighteen years after the Battle of Cassinga (4 May 1978) in southern Angola between the SADF and SWAPO, it is still a contentious issue. It is clear that these events are looked at from two entirely opposing viewpoints. In the article a few controversial issues are examined, the most relevant one being the question whether Cassinga was a refugee camp for women and children or a fully equipped military base. Closely linked to this is the argument whether either of the two opposing military forces could get any mileage out of the international media. The mere fact that not all the information on these events is available, is one of the most serious problems the military historian encounters in his search to establish what happened on that specific day.

Agtertien jaar nadat die slag van Cassinga (4 Mei 1978) in Suid-Angola plaasgevind het tussen die SAW en SWAPO, trek dit steeds die belangstelling. Dit is baie duidelik dat daar uit twee totaal uiteenlopende standpunte na hierdie gebeure gekyk word. Daar is egter verskeie kontroversiële sake wat die aandag trek. Die belangrikste hiervan is of Cassinga bloot 'n deurgangskamp was en of dit 'n sterk militêre vesting was. Hiermee saam hang ook die vraag of enigeen van die betrokke partye enige voordeel deur middel van die media op internasionale gebied kon behaal. Die blote feit dat al die inligting oor die gebeure nie beskikbaar is nie, is een van die ernstigste probleme wat die militêre historikus ondervind in sy soek om te bepaal wat op die spesifieke dag gebeur het.

## **1. Oriënterende inleiding**

Die Slag van Cassinga (4 Mei 1978) waarin eenhede van die destydse SAW 'n kamp van PLAN (The People's Liberation Army of Namibia, wat die militêre vleuel van SWAPO is) in Suid-Angola aangeval het, maak na agtien jaar nog altyd gemoedere gaande. Die rede lê hoofsaaklik daarin dat die gebeure van hierdie dag uit twee totaal kontrasterende standpunte benader kan word.

Die een denkgroep sien die aanval as 'n daad van aggressie teen onskuldige vroue en kinders in 'n deurgangskamp. Enkele voorbeeld van hierdie standpunt is: *Learn and teach:*

"After the planes had fired rockets and dropped explosive and fragmentation bombs, as well as paralysing gases, the paratroopers landed and during the six and a half hours that the attack lasted gave full vent to their basest instincts, massacring the terror stricken population in cold blood."<sup>1</sup>

Dennis Herbstein en John Evenson in hulle werk: *The devils are among us. The war for Namibia*, vertolk die slag soos volg: "Nine days later South African paratroopers dropped onto a SWAPO refugee settlement at Cassinga, 200 kilometers into Angola, and perpetrated the bloodiest massacre of the war, shooting over 600 unarmed men, women and children, as well as a handful of PLAN guards."<sup>2</sup>

Anmemarie Heywood in 'n onlangse publikasie *The Cassinga event* hou die volgende opinie na: "... the rest of the day was a nightmare of destruction and inhuman carnage. The orderly camp had been turned into a churned field of shreds and smouldering rubble. Hundreds of torn and mutilated bodies, many of them women and children were all that remained of the bustling life of that morning."<sup>3</sup>

Daar is egter ook 'n ander kant van die saak en verskeie standpunte besing met groot lof die militêre optrede van elemente van die SAW se optrede by Cassinga. Kol. Jan Breytenbach, aanvoerder van die gevegsmag, beskryf Cassingadag: "(It is) recognised in Western military circles as the most successful airborne assault since World War-2."<sup>4</sup> Genl. Jannie Geldenhuys, later Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, se siening oor die militêre optrede is die volgende: "Dit (verwysend na Cassinga) was een van die waaghalsigste operasies van sy soort. 'n Buitelandse groep offisiere het Suid-Afrika eenkeer stil-stil besoek. Hulle wou spesifiek weet hoe ons dit reggekry het om die aanval op die Moskou-basis (Cassinga) uit te voer. Genl. Viljoen en 'n span het hulle behoorlik, militêr-professioneel ingelig. Daarna het een van hulle opgemerk: Ons sou dit nie gedoen het nie . . . Die resultate spreek egter vanself. Dit was 'n juweel van krygsvernuf."<sup>5</sup>

Ook die Suid-Afrikaanse media het die optrede by Cassinga sonder om doekies om te draai opgehemel. Opskrifte soos die volgende weerspieel die inhoud van die beriggewing: SA strike on Moscow raid dealt SWAPO a great blow;<sup>6</sup> SA smashes SWAPO base,<sup>7</sup> SA aanslag kry lof — meesterlik sê militêre.<sup>8</sup> Militêre korrespondente soos Peter Stiff, Willem Steenkamp en Helmoed-Römer Heitman<sup>9</sup> het sonder uitsondering groot lof vir die militêre optrede van die valskermsoldate tydens die operasie by Cassinga.

Bogenoemde twee standpunte is tekenend van die problematiek wat die militêre historikus ervaar by die poging om die ware gebeure van Cassinga op 'n wetenskaplike, objektiewe wyse weer te gee en so vir die nageslag te bewaar.

Voordat die eiesoortige probleme van die militêre historikus by die ontleding van die gebeure by Cassinga van naderby beskou kan word, is dit nodig om enkele sake as agtergrond

- 
1. *Learn and teach*, Special edition on Namibia, nr. 4, 1989, pp. 1-77.
  2. D. Herbstein and J. Evenson, *The devils are among us. The war for Namibia* (London, 1989), p. 31.
  3. A. Heywood, *The Cassinga event* (Windhoek, 1994), pp. 12-13.
  4. J. Breytenbach, *They live by the sword. 32 "Buffalo" Battalion — South Africa's Foreign Legion* (Alberton, 1990), p. 180.
  5. J. Geldenhuys, *Dié wat wen. 'n Generaal se storie uit 'n era van oorlog en vrede* (Pretoria, 1993), p. 73.
  6. *The Star*, 6.5.1978.
  7. *The Citizen*, 6.5.1978.
  8. *Beeld*, 12.5.1978.
  9. Vergelyk hierdie volgende bronne: P. Stiff, *Nine days of war. South Africa's final days in Namibia* (Alberton, 1991); W. Steenkamp, *South Africa's Border War, 1966-1989* (Gibraltar, 1989); Leo Barnard-versameling, Bandopname van onderhoud met Helmoed Heitman.

te verskaf. Die twee opponerende magte tydens die gebeure by Cassinga was PLAN, die militêre vleuel van SWAPO, en elemente van die destydse Suid-Afrikaanse Weermag.

PLAN is in 1962 gestig en was 'n logiese voortvloeiing van SWAPO wat reeds 'n jaar of vier vantevore sy stigting in Kaapstad beleef het. Gebeure rondom die ou lokasie in Windhoek, asook die uitspraak van die Internasionale Gereghof in 1966, was van die vernaamste oorsake waarom SWAPO in daardie tyd vir die eerste keer gewapende vegters vanuit Suid-Angola na Ovamboland gestuur het. Die eerste militêre kontak tussen PLAN en elemente van die S.A. verdedigingsmagte het op 26 Augustus 1966 by Ongulumbashe in Oos-Ovambo plaasgevind; dit was die begin van 'n militêre stryd wat 23 jaar sou duur.<sup>10</sup>

Die ander groot rolspeler tydens die slag van Cassinga was elemente van die SAW wat in opdrag van die Suid-Afrikaanse regering van destyds opgetree het. Sedert sy militêre besetting van die gebied tydens W.O.I. het Suid-Afrika, Namibië as 'n vyfde provinsie bestuur en beheer. Selfs nie internasionale aandrang en die vervanging van die ou Volkebond deur die V.V.O. kon Suid-Afrika in die jare sestig en sewentig van hierdie standpunt laat afsien nie.

Die staatsgreep in Portugal in 1974<sup>11</sup> en die beëindiging van sy koloniale heerskappy in Angola, het die militêre magsbalans in die suidwestelike deel van Afrika versteur en het die regering van Suid-Afrika laat besluit om militêr in die gebied in te meng. In 'n operasie wat as Savannah bekend sou word,<sup>12</sup> het elemente van die SAW vir etlike maande (1975-1976) in Angola opgetree. Die skielike onttrekking van hierdie mag uit die gebied het veral twee prosesse tot gevolg gehad.

In die eerste plek het die SAW deur hierdie optrede verseker dat hy in die persepsie van heelwat mense in Afrika en ook oorsee 'n verloorbeeld opgebou het. In sekere kringe in die SAW is daar reikhalsend uitgesien na die dag wanneer verlore militêre prestige weer herwin kon word.

Die tweede direkte gevolg van die afloop van Operasie Savannah was dat daar in Suid-Angola 'n militêre lugleegte ontstaan het.<sup>13</sup> SWAPO het hierdie kans met albei hande aangegryp en met sy magte suidwaarts beweeg en heelwat van die kampes/basisse beset. Die opleidingskampe was relatief verder van die grens af, terwyl deurgangskampe ens. nader aan die Namibiese grens was.

Die optrede van PLAN in die jare 1976-1978 was een van aggressie en 'n uitartende houding op militêre gebied. Enkele voorbeeld van hiervan was dat die PLAN-vegters nou in groepes van 80-100 man suidwaarts oor die Namibiese grens begin opeer het en maklik daarin geslaag het om die sogenaamde blanke boerderygebiede (die rooilyn) binne te dring. Moorde het ook al meer begin plaasvind soos dié op Toivo Shiyagaya, Minister van Gesondheid en Welsyn van die Ovambo-Stamregering, en Clemens Kapuuo, Herero-leier van getuig. SWAPO het ook 'n groot sielkundige oorwinning behaal toe 'n lid van die SAW, sappeur Van der Mescht, in Namibië gevange geneem en na Angola weggevoer is. Hierdie optrede is gevolg deur 'n "ontvoering" van 'n onderwyser en leerlinge vanaf 'n skool in sentraal-Ovambo.<sup>14</sup> Die optrede van Sam Nujoma, leier van SWAPO, tydens 'n onderhoud met die SAUK het die gedagte al meer laat posvat dat die organisasie nie in 'n onderhandelde skikking belangstel nie, maar eerder 'n militêre einde aan die vyandighede wil maak. Die

10. Leo Barnard-versameling. Vergelyk bandopnames van onderhoude met genls. M.J. du Plessis, Ian Gleeson, Bob Rodgers, Jan van Loggerenberg en brig. Blackie Swart.

11. W.S. van der Waals, *Portugal's war in Angola, 1961-1974* (Rivonia, 1993), pp. 250-256.

12. F.J. du T. Spies, *Operasie Savannah, 1975-1976* (Pretoria, 1989).

13. S.L. Barnard, "'n Historiese oorsig van die gewapende konflik aan die noordgrens van SWA/Namibië, 1966-1989", *Acta Academica* 23(1), Maart 1991, pp. 116-117.

14. *Ibid.*, p. 118.

kern van Nujoma se argument kom op die volgende neer: "The question of black majority rule is out. We are not fighting even for majority rule. We are fighting to seize power in Namibia... . We are revolutionaries."<sup>15</sup>

Teen die begin van 1978 kan die situasie in Namibië dan soos volg opgesom word: Wat die militêre stryd betref, het SWAPO al meer die beeld van gewelddadigheid begin kry wat hom al minder aanvaarbaar vir veral die Westerse moondhede gemaak het. Die beeld is versterk deur die feit dat SWAPO groot opleidingskampe in Suid-sentraal-Angola gevestig het waar mans en vrouens militêre opleiding ontvang het, waar aanvulling gedoen is, en waar kinders wat ontvoer is of uit eie beweging by SWAPO aangesluit het, opleiding kon ontvang. Een van die grootste van hierdie tipe basisse was Cassinga, 'n uitgewerkte myndorpie, ongeveer 250 km vanaf die noordgrens van Namibië, waar Dimo Amaambo die bevelvoerder was.

Interne probleme, met onder andere Andreas Shipanga, het bygedra dat SWAPO in 'n sekere sin op die verdediging was. Die aanval van die SAW op Cassinga het die nodige stimulus verskaf om weer die inisiatief te neem en die beeld van aggressie op die SAW oor te skuif.

Aan die ander kant van die munstuk was daar die militariste in Suid-Afrika wat al hoe meer begin aandring het op oorgrens-/voorsprong-/hakkejagoperasies ten einde SWAPO militêr buite die grense van Namibië gevoelige slae toe te dien. Dit sou die verloor-image breek wat na Operasie Savannah sterk op die voorgrond getree het. Deur SWAPO-basisse aan te val sou die militêre teater na Suid-Angola verskuif en kon PLAN-infiltrerders met groter gemak binne Namibië hokgeslaan word.

Ten einde hieraan uitvoering te gee, het die SAW met groot afgawting kenniggeneem van die besluit van die SA-regering laat in 1977 by Oubos, die vakansiehuis van Eerste Minister B.J. Vorster, dat die Weermag voortaan oorgrens in Angola kon optree. Die gevolg hiervan was die beplanning en eindelik die uitvoering van Operasie Reindeer. Die operasie sou uit drie fases bestaan, naamlik 'n aanval op Fase 1, Teiken Alpha (Cassinga) met valskermsoldate, met die hulp van die lugmag;<sup>16</sup> Fase 2, Teiken Brava (Chetequeta) met 'n gemeganiseerde pantserkolonne en die derde fase in die oostelike sektor (in die omgewing van Oshana, Efith, Mulemba, Omepepa, Mamulandi, ens.). Die gebied is binne 50 km van die grens en die operasie sou hoofsaaklik deur 32 Bataljon uitgevoer word.


Dit is van die grootste belang dat 'n onduidelijkheid hier uit die weg geruim word. Na die afhandeling van Operasie Reindeer is die verskillende fases deur verskeie skrywers/journaliste/ooggetuies heeltemal verwarr. Vir doeleindes van hierdie publikasie word daar slegs op die aanval op Alpha (Cassinga) of Moskou soos PLAN daarna verwys het, gekonsentreer, met ander woorde op Fase I van Operasie Reindeer. Die aanval op Teiken Bravo, asook dié in die oostelike sektor deur 32 Bataljon, word vir doeleindes van hierdie artikel in sy geheel geignoreer.

## 2. Kriptiese aantekeninge oor die aanval op Cassinga op 4 Mei 1978

Kol. Jan Breytenbach word aangewys as bevelvoerder van valskermsoldate. Sy mag bestaan uit elemente van 1, 2, 3 Valskermbataljon. Die mag sluit senior offisiere in soos brig. Hannes Botha, brig. M.J. du Plessis. Die Hoof van die Leër, lt.genl.

15. W. Steenkamp, *South Africa's Border War, 1966-1989*, pp. 8-9.

16. Leo Barnard-versameling, Bandopnames van onderhoude met genls. M.J. du Plessis, Ian Gleeson en Bob Rodgers.



Bron: A.J. Venter, *The Chopper Boys, helicopter warfare in Africa*, (Gibraltar, 1994), p. 181.

Viljoen, word tydens die operasie ingevlieg.<sup>17</sup>

Opleiding is aanvanklik in Noord-Transvaal gedoen, maar weens sekerheidslekkasie word die eerste poging afgelas.

Operasie Kwiksilwer (omgewing van Kimberley) word as misleidingsplan vir aanval op Cassinga aangewend. Strengste moontlike sekerheidsmaatreëls word getref.

Inoefening van valskerm soldate op De Brug (De Wet Opleidingsterrein) naby Bloemfontein. Reliëfmodel van Cassinga in ou skuur op De Brug gebou.

4 x C160 en 4 x C130 vliegtuie met 498 valskerm soldate vertrek vanaf 16:00 op 3 Mei 1978 van Lugmagbasis Bloemspruit in Bloemfontein met vyftien minute pauses tussen die agt vliegtuie vir die operasie.

Teen 20:00 het al die vliegtuie in Grootfontein (Namibië) geland.

Vroeoggend op 4 Mei 1978 vertrek vier C130's en vier C160's vliegtuie vanaf Grootfontein om aanval op Cassinga te doen.

Twee C160's breek weg met 128 valskerm soldate aan boord. Hulle vlieg net suid van Kaplyn om as reserwe te dien en ook om ammunisieaanvulling te kan doen. Vliegtuie los mekaar af.

Twee C160's en vier C130's vlieg oor Omauni na teiken Alpha (Cassinga) met 370 valskerm troepe om aanval te doen.

08:02 aanval van vier Canberra bomwerpers op Cassinga met Alpha-bomme (Niggerball).

08:02 net na Canberras doen vier Buccaneer bomwerpers aanvalle met 32 x 450 kg bomme op Cassinga.

08:04 aanval van twee Mirage IIIC's met 30 mm kanonne & Sidewinder-missiele op Cassinga.

Onmiddellik hierna die afgooi van 370 troepe uit ses transportvliegtuie. Soldate word te laat afgegooi as gevolg van 'n verskeidenheid van redes. Groot deel van aanvalsmag land in rivier aan westekant en aan verkeerde kant van rivier (die soldate moes dus deur die rivier beweeg voordat hulle met die aanval kon begin).

Hergroepering van soldate neem langer as 'n uur.

Volskaalse gevegte op grond. Hewige geweervuur van lugafweer onder andere 14.5 mm en 23 mm lugafweergeskut wat in die grondrol gebruik is. Vegters van PLAN buitengewoon heldhaftig.

Uitlig van valskerm troepe deur helikopters begin om 11:36. Opruiming van Cassinga vind plaas.

13:55 30 x Kubaanse en MPLA pantserkarre (tenks en B TR's) beweeg vanaf Thechamutete uit suide na Cassinga. Anti-tenk peloton kan Kubane nie keer nie. Hulp van Buccaneers en Mirages ingeroep.

Pantsertroepe op die teiken beweeg noordwaarts in die basis om deur helikopters opgelaaai te word. Deurmekaarspul met oplaaai van troepe — helikopters oorlaai. Krygsgevangenes nie ingelaai.


Buccaneers en Mirages skiet die meeste van die pantservoertuie uit. Oorblywende twee bedreiging vir laaste helikopters.

Aanvalsmag ontrek finaal en word na Grootfontein afgevoer. Keer die volgende dag na Bloemfontein terug.

---

17. Leo Barnard-versameling, Bandopnames van onderhoud met kol. Jan Breytenbach en ander senior SAW-offisiere.

# OPERASIE REINDEER



SWA / NAMIBIA

Bron: D. Dippenaar, "Voordrag oor die konsep van pro-aktiewe optrede soos toegepas in die verlede", *Kongres van militêre historici*, Bloemfontein, Oktober 1992.

## **Ongevalle:**

### **Aan die kant van SWAPO**

Dood:           ± 600 inwoners van Cassinga  
+ onbekende aantal gewond (± 340)

### **Aan die kant van Kuba/MPLA**

Dood:       18 manskappe  
Gewond:     63 manskappe

'n Onbekende aantal pantser- en ander voertuie is uitgeskiet en het uitgebrand.

### **Aan die kant van die SAW**

3 valskermssoldate gedood  
1 valskermssoldaat vermis (vermoedelik verdrink in Cubango-rivier)  
11 valskermssoldate gewond  
2 Buccaneer vliegtuie van die SALM is getref, maar het veilig geland.

Operasie Reindeer en veral die aanval op Cassinga het 'n totaal nuwe fase in die grensoorlog ingelui. Oorgrensoperasies teen SWAPO-stellings was hierna aan die orde van die dag. Dit het egter nie lank geneem voordat die Kubane en MPLA (die regeringsmagte van Angola) ook volksaals in militêre optredes teen die SAW betrokke geraak het nie. In 'n sekere sin was die aanslag op Cassinga die waterskeiding van die militêre optrede tussen die SAW en PLAN — 'n proses wat beëindig is met die onafhanklikwording van Namibië in 1990.<sup>18</sup>

### **3. Enkele kontroversiële sake aangaande die gebeure by Cassinga**

Enkele kontroversiële aangeleenthede waarop daar nog geen klinkklare bewyse gevind is nie, spruit noodwendig uit die Slag van Cassinga. Die mees voor die hand liggend uitstaande vraag wentel om die feit of Cassinga op 4 Mei 1978 'n suiwer deurgangskamp was wat hoofsaaklik bewoon is deur nie-vegters, vroue en kinders. Dit is die SWAPO-argument en is herhaaldelik gestel deur Hidipo Hamutenya;<sup>19</sup> Amnesty Internasionaal<sup>20</sup> en pastoor Hendrik Witbooi.<sup>21</sup> Enkele ooggetuieverslae wat hierdie argumente staaf, kom uit die werk van Annemarie Heywood.<sup>22</sup>

Daar is egter ook 'n ander kant en dit is dié van die SAW. Hulle volstaan met die argument dat Cassinga 'n suiwer militêre kamp was waar die hoofkwartier van SWAPO geleë was. Dimo Amaambo was volgens hulle die bevelvoerder van die basis vanwaar alle operasies teen SWA (sic) beplan is en die uitvoering daarvan gekoördineer is deur 'n sentrale operasiekamer. Logistiese beplanning, voorsiening van voorrade, wapens en ammunisie aan SWAPO-vegters binne sentraal- en Oos-Ovambo is vanuit Cassinga behartig.<sup>23</sup>

Laasgenoemde argument word hoofsaaklik afgelei van 'n volledige stel lugfoto's wat oor 'n lang tyd voor die aanval van Cassinga geneem is. Hieruit blyk dit duidelik dat Cassinga 'n uitgebreide stelsel van loopgrawe gehad het en dat daar selfs 'n uitgetrapte paraderond was met 'n reuse-kaart van Namibië daarop aangebring. Uit onderhoude met

8. Leo Barnard-versameling, Bandopnames van onderhoude met genls. Ian Gleeson, Jan van Loggerenberg en kols. Piet Nel en Johan Blaauw.

19. *CNN Press*, 24.9.1991.

20. *Star*, 17.2.1984.

21. *Windhoek Advertiser*, 5.5.1988.

22. Leo Barnard-versameling, Bandopnames van onderhoude met verskeie senior offisiere en manskappe wat aan die gevegte by Cassinga deelgeneem het.

23. *SAW Dokument*: HS Ops/310/4 kostuum.

valskermsoldate is dit duidelik dat daar wel vroue en kinders in Cassinga was, maar dat die meeste vroue in 'n gevegshoedanigheid aangewend is.<sup>24</sup> Daar is ook verskeie verwysings na kinders wat na veiligheid gebring is.

Die vraag watter tipe basis Cassinga regtig was, sal moeilik deur hedendaagse militêre historici beantwoord word. Daar is nog te veel onduidelikhede wat deur indringende wetenskaplike navorsing verklaar moet word.

'n Volgende kontroversiële saak wat veral in die media baie aandag getrek het, was die wyse waarop die aanval op Cassinga deur die betrokke partye tot hulle voordeel aangewend is. Die SAW het uit sy pad gegaan om die geveg as militêre sukses te besing en 'n vernietigende aanval teen goeie verdediging van SWAPO aan die Suid-Afrikaanse publiek voor te hou. Uit die aard van die saak is probleemareas soos die verkeerde neerlaat van die valskermtroepe en veral die chaotiese ontruiming doelbewus of verswyg of net sydelings na verwys. Van die gebuite dokumente het na die aanval nog sporadies in die pers verskyn, maar die film wat tydens die slag by Cassinga geneem is, kon tot nou toe nog nie opgespoor word nie. Dit is die tipe dokumentêre bewys wat die navorser in staat sal stel om heelwat onbeantwoorde vrae op wetenskaplike wyse te verklaar.

SWAPO het die aanval op Cassinga egter op meesterlike wyse aangewend om die aandag, maar veral die medelye van die wêrld, op die organisasie te verenig. Wêreldwyd het koerante verkondig dat onskuldige vroue en kinders wat van 'n gehate regime weggevlug het, agtervolg is en gewelddadig in Cassinga om die lewe gebring is. Pastoor Hendrik Witbooi het presies 'n dekade na die gebeure by Cassinga hierdie gedagte verwoord toe hy verklaar het: "This is one day that should be engraved on the hearts of every true Namibian — our youth and mothers shot down in their prime."<sup>25</sup>

SWAPO se optrede was fyn berekend. Hulle het die internasionale media na Cassinga genooi (welliswaar eers vier dae na die aanval op 4 Mei) en massagrafte met lyke daarin vertoon. In die gemoedere van sommige mense bestaan daar twyfel of die massagrafte ontentiek is — wetenskaplike navorsing moet weereens die waarheid bewys. SWAPO het egter daarin geslaag om die SAW gebrandmerk te kry as die agitators, as die militariste wat onskuldige vroue en kinders voor die voet doodgeskiet het.

Uit hierdie hoek gesien, kon SWAPO baie baat vind by die aanslag op Cassinga. Hulle was nou die verontregtes, die weerlose mense wat slegs wou optree om politieke vryheid vir elke Namibiër te verseker. Die aanval op Cassinga word vir hulle 'n stuk loutering, 'n morele regverdiging van SWAPO se saak, 'n goedkeuring om met invalle in Namibië die inwoners van die gebied op soms raaiselagtige metodes tot hulle standpunt oor te haal. En hierin word hulle tot 'n groot hoogte internasional gesteun soos blyk uit verskeie verslae van internasionale organisasies en koerante. (Vergelyk 'n bespreking hiervan in die werk van Annemarie Heywood).<sup>26</sup>

Die vraag wat nou onwillekeurig na vore tree, is waarom die militêre historikus juis met die gebeure rondom Cassinga soveel probleme ondervind om 'n volledige, waarheidsgetroue beeld te rekonstrueer.

24. Leo Barnard-versameling, Bandopnames van onderhoude met verskeie senior offisiere en manskappe wat aan die gevegte by Cassinga deelgeneem het.

25. *Windhoek Advertiser*, 5.5.1988.

26. A. Heywood, *The Cassinga event*, pp. 1-124.

#### **4. Die problematiek van die militêre historikus by die rekonstruksie van die gebeure by Cassinga op 4 Mei 1978**

Vir doeleindes van hierdie artikel word hier slegs na enkele probleme verwys wat die militêre historikus sal ervaar indien hy dieper begin delf oor wat werklik by Cassinga gebeur het.

Die militêre bedrywighede waarin Suid-Afrika hom vanaf 1966 tot 1989 in Noord-Namibië en Suid-Angola betrokke gevind het, was geen verklaarde oorlog nie. Dit was 'n militêre stryd van lae intensie wat mettertyd die naam van "grensoorlog" of "bosoorlog" begin kry het. Vanweë die aard van hierdie stryd is daar by die Suid-Afrikaanse regering van die dag geen poging aangewend om die "mense by die huis" op die hoogte van sake te bring nie. Die slagspreuk van die tyd: Totale aanslag, is deur die Suid-Afrikaanse militariste (en ook regering) vertolk as 'n rede vir totale blokkasie van inligting. Voorbeeld hiervan is legio. Terwyl die Suid-Afrikaanse soldate ver bo die noordgrens van Namibië met operasies besig was, het hulle oor die radio gehoor hoe die destydse Eerste Minister, P.W. Botha, verklaar dat daar geen Suid-Afrikaanse troepe noord van die Namibiese grens in Angola was nie.<sup>27</sup>

Vir die militêre historikus het hierdie houding nikks goeds ingehou nie. Nie alleen is die Suid-Afrikaanse soldate op die grens telkens deur militêre polisie van letterlik alles behalwe weermaguitrekkings, gestroop nie, maar is hulle gedwing om 'n totale stilswye te handhaaf oor gebeure in die sogenaamde grensoorlog. Die gevolg hiervan was dat memoirs, dagboeke, foto's ens. byna geheel ontbreek as 'n volledige prentjie oor die gebeure opgebou wil word.

Twee verdere faktore vloeи hieruit voort. Die eerste is dat die amptelike dokumentasie oor die "grensoorlog", wat hoofsaaklik by die Dokumentasiesentrum van die SANW geleë is, die enigste bronne blyk te wees. Mondelinge getuenis gee waardevolle agtergrondinligting, maar uit eie ervaring blyk dit al duideliker dat die gedagtes met elke jaar vervaag en dat hierdie bron juis uit ander inligting gekontroleer moet word.

Die tweede faktor wat uit die geheimhouding vloeи, is die feit dat die SAW nagelaat het om enige weergawe, amptelik of andersins, saam te stel van die gebeure in die grensoorlog en meer spesifiek dan van Operasie Reindeer. Die gebeure by Cassinga is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Nadat die operasie reeds afgeloop het, is 'n weermag historikus na die gebied gestuur. Hy kon slegs een onderhoud voer, naamlik met kol. Breytenbach. Hierna het die historikus van die toneel verdwyn. 'n Kriptiese geskrif deur iemand anders het in Junie 1978 verskyn onder die titel: *Operasie Reindeer*. Die aanval op Cassinga beslaan slegs tien bladsye.<sup>28</sup>

Om sake te vererger is hierdie dokument *Geheim* geklassifiseer en is dus nie "oop" vir alle militêre historici nie. Alhoewel daar skynbaar pogings aangewend is om die gebeure by Cassinga uit amptelike SA Weermagbronne te boek te stel, het dit tot dusver nog nie die lig gesien nie.

Die militêre historikus kom dus tot die gevolgtrekking dat die onvermoë van die SAW om op wetenskaplike wyse die verhaal van Cassinga te boek te stel, een van die belangrikste redes is waarom daar soveel onbeantwoorde vrae oor hierdie spesifieke voorval bly.

Dit is egter van die allergrootste belang dat daarop gelet word dat die ander hoofrolspeler in die vyandelikhede, naamlik SWAPO (met PLAN as die militêre arm daarvan) se gebrek aan substantiewe inligting dit net so onmoontlik maak om hulle kant op wetenskaplike wyse na te vors. Dit is 'n bekende feit dat magte wat 'n guerilla-tipe stryd voer, nie met vragte dokumente werk nie. Opdragte vir en terugvoer van operasies word

27. Leo Barnard-versameling, Bandopnames van onderhoude met majs. Wilfred Moore en Jimmy Stadler.

28. Dokumentasiediens SAW, *Operasie Reindeer*, Junie 1978.

hoofsaaklik mondeling gedoen en die gevolg hiervan is dat dokumente net nie beskikbaar is om militêre historici te help nie. Ook ander SWAPO-dokumente is nog nie geredelik beskikbaar nie. Vergelyk hier 'n skrywe van die National Archives of Namibia aan my: "... UN and SWAPO-related and solidarity material is scattered over several institutions inside and outside Namibia. The collections are generally incomplete and in most cases still being sorted, arranged and listed, and would therefore be difficult to consult as this stage".<sup>29</sup>

Tydens 'n paar navorsingsbesoeke aan Namibië in die laaste aantal jare het dit ook duidelik geword dat SWAPO, en veral spesifieke lede, nog net nie bereid was om enige onderhoude oor die gebeure van Cassinga toe te staan nie. Enige navrae is met skeptisme en selfs 'n mate van vyandiggesindheid bejën — veral as die militêre historikus ook nog van Suid-Afrika af kom! Selfs Namibiërs vind dit skynbaar uiters moeilik om die ware feite oor die gebeure by Cassinga te bekom. In 'n persoonlike skrywe van Annemarie Heywood, raak sy juis hierdie saak aan: "I am at the moment engaged in putting together a 'true' account — actually more a casebook — of 4 May 1978, the Cassinga part of Operation Reindeer. For reasons which you touch on but do not exhaust (sy verwys hier na Leo Barnard se professorale intreerde op 6 Oktober 1993 te Bloemfontein), it is proving extraordinarily difficult to get at hard facts, basic evidence. On both sides the secrecy continues".<sup>30</sup> Uit die interessante gepubliseerde werk van Annemarie Heywood: *The Cassinga event* wat in September 1994 in Windhoek verskyn het, blyk dit duidelik dat sy hierdie probleem tot met die publikasie van die werk nie te bowe kon kom nie.<sup>31</sup>

'n Derde groot probleem wat die militêre historikus ervaar is die buitengewone hoeëgraad van emosie wat veral van die kant van SWAPO aanwesig is as daar oor die gebeure by Cassinga op 4 Mei 1978 gepraat word. Bloot hierdie proses maak dit feitlik onmoontlik vir die militêre historikus om tussen feite en fiksie te onderskei. Die emosionele aanslag vanuit SWAPO se hoek versluier die werklike gegewens op só 'n wyse dat wetenskaplike afleidings uiters moeilik is. Die besondere rol wat Cassingadag in die geskiedenis van die ontvoogding van Namibië gespeel het (en steeds speel) maak dit byna 'n saak van onmoontlikheid om uit hierdie hoek 'n ware beeld van die gebeure op te bou. Die emosionele proses lei ongetwyfeld daartoe dat die gebeure by Cassinga nie uit 'n totaalbeeld van die werklikheid benader word nie, maar dat die leed aan onskuldige vroue en kinders die enigste norm word. Die optrede van PLAN-vegters in Namibië, die plaaslike bevolking wat in die gebied sterf ens., word vir doeleinades van hierdie argument eenvoudig verswyg. Vir solank die Namibiërs nie daarin slaag om die gebeure van Cassinga van oordrewe emosie te suiwer nie, sal die militêre historikus dit uiters moeilik vind om 'n objektiewe weergawe daarvan te kan weergee.

Die ander kant van die saak loop hiermee saam. In die oorgrote meerderheid van die verklarings deur die SAW na Cassinga, word slegs op die militêre aspekte gekonsentreer. Volgens hulle persepsie was dit 'n militêre oorwinning oor 'n vyand onder moeilike omstandighede. In die verklarings (en ook in onderhoude) word toegegee dat daar wel vroulike soldate van PLAN tydens die optrede by Cassinga was. Hierdie saak, sowel as die hantering van die vrouens en kinders in die kamp, word byna slegs as 'n soort nagedagte genoem. Die militêre optrede orheers dus die hele denkpatroon en die res word blote toevalligheide.

Die ironie is dat geen militêre historikus oor die militêre uitslag van die gebeure twyfel kan hê nie. Die groot vraag word egter teen wie die valskeermagte van Suid-Afrika

29. Leo Barnard-versameling, P. Renier (argivaris, Nasionale Argief, Namibië) aan Leo Barnard op 29 November 1993.

30. Leo Barnard-versameling, Annemarie Heywood aan Leo Barnard op 8 November 1993.

31. A. Heywood, *The Cassinga event*, pp. 1-124.

opgetree het. Die standpunt van SWAPO dat dit hoofsaaklik vroue en kinders was, is oorbekend. Genoegsame getuienis, harde feite, bewyse in 'n gepubliseerde boek wat ook die kant van die SAW stel en wat aan almal bekend gestel kan word, ontbreek egter steeds.

Die debat oor die ware gebeure by Cassinga is ver van afgelope. 'n Gebrek aan vertroue en integriteit in die optrede van bona fide militêre historici veroorsaak dat die "waarheid" nog nie tevoorskyn kon kom nie. Intussen staan die twee standpunte onwrikbaar teenoor mekaar: 'n suwer militêre oorwinning versus 'n emosionele proses waarin politieke bymotiewe 'n rol gespeel het.

Die spreekwoordelike laaste skote oor Cassinga is nog nie geskiet nie.